Impie Stralejakkers

Welkom in Gr. R

Geagte Stralejakker-Ouer

Hartlik welkom by Laerskool Impala se spog Gr.R - sentrum, die Stralejakkers. Dit is vir ons 'n groot voorreg dat u deel van die Impie gesin geword het.

Met die inskrywing van u kind maak u 'n belegging van agt jaar in u kind se lewe, vanaf Gr.R tot Gr.7. Hierdie belegging van u kosbaarste besitting is vir ons net so belangrik soos vir u. Dit is om hierdie rede dat u kind in 'n veilige omgewing met liefde gekoester, gelei en onderrig sal word. Laerskool Impala leef sy Christelike waardes en norme met passie uit.

Ons is trots op ons Afrikaanse taal en kultuur. Die positiewe wyse waarop kinders benader word, maak ons as skool uniek. Dit is vir ons belangrik dat die kind gelukkig moet wees en met groot opgewondenheid uitsien om elke dag skooltoe te kom. Ons goed opgeleide Stralejakker- personeel is toegerus vir die taak.

Stralejakkers is in die bevoorregte posisie om 'n volledige goed toegeruste klein skooltjie op sy eie, binne 'n groot skool te wees. Hierdie "deel wees" vergemaklik die oorgang vanaf Gr.R na Gr.1 geweldig, juis omdat hulle van dag een af nie net deel van die skool is nie, maar ook deelneem aan die skool se aktiwiteite.

By Stralejakkers en Impieland glo ons dat 'n kind nog 'n kind moet wees waar hulle kaalvoet kan baljaar.

Ons vertrou dat nie net u kind nie, maar ook u as ouer sommer baie gelukkig by die Stralejakkers sal wees.

Nogmaals baie welkom!

Theo Gouws
Hoof.

Mamma en Pappa kan my help ...

1. Deur te onthou dat ek deur my sintuie leer: sien, hoor, voel, ruik, en proe. Hulle kan my help om te leer van warm en koud, soet en suur, hard en sag, ens. Hulle kan my neem na museums, parke, dieretuine, stasies, plase en lughawens.

2. Deur elke aand vir my 'n storie te lees.

3. Deur my te leer om waar te neem, te ontdek en te eksperimenteer.

4. My Speelgoedkas is vol poppe en huishou-speelgoed, boublokke, legkaarte, musiekinstrumente, prentboeke, 'n hamer, spykers, saag en plankies, handpoppe, rolskaatse, klei, kryt, waterverf, gom en 'n stomppunt skêr, maar Mamma-hulle gaan my toelaat om van enige denkbare ding 'n speelding te maak.

5. Om sukses te bereik is lekker, en as ek 'n ding eers reggekry het, sal ek dit oor en oor wil doen. Help my om te verstaan dat "aanhouer-wen" lekkerder is as onmiddellike sukses.

6. Om 'n gesonde lewenshouding te ontwikkel
   - is ek 'n gelukkige kind
   - het ek selfvertroue
   - werk en speel ek lekker saam met ander
   - stel ek in baie dinge belang
   - wil ek graag presteer
   - is ek weetgierig en verbeeldingryk
   - het ek skeppende vermoëns

7. Om vroeg te gaan slaap in die week

8. Om saam met baie ander "MA'S WAT OMGEE" vir ons te bid.

My nuwe Gr.R-Juffrou gaan my leer om:

1. In 'n baan te hardloop sodat ek later tussen lyne kan skryf.

2. Sy gaan my balspeletjies leer sodat ek kan leer om bladsye vol te werk.

3. Ek gaan met klei speel sodat my vingers en handspiere oefening kry, dan sal ek mooi skryf en ek sal weet hoe hard ek op my potlood kan druk.

4. Ek gaan klim en klouter en so die ruimte leer ken. Dit sal my ook leer van hoog en laag, ver en naby, kort en lank en baie meer.

5. Ek gaan baie ritmiese werk doen, sodat ek vloeiend kan lees en tel.

6. Ek gaan baie legkaarte pak, want dit sal my help om letters en syfers vinnig aan te leer.

7. Ek gaan baie speletjies speel. Daaruit gaan ek leer om te tel, om my take te orden, om te luister, en om met ander saam te werk.

DAGPROGRAM

TYD	AKTIWITEIT
07:00 -07:55	**Aankoms en buitespel**
08:00-08:50	**Ons groet mekaar:**
	▪ Weerkaart word bespreek
	▪ Leiers en helpers word aangewys
	Ons word slim:
	▪ Bybelverhaal
	▪ Persepsie: ouditief/visueel
	▪ Taalontwikkeling: rympies/kommunikasie
	▪ Wiskunde
	▪ Temabespreking
08:50-09:45	**Ons geniet kuns:**
	Vaardighede word aangeleer
	Kreatiwiteit word ontwikkel
	Wiskunde word prakties gedoen
09:45-10:00	**Verversings**
10:00-11:00	**Vryspel buite**
11:00-11:15	**Toiletroetine**
11:15-12:15	**Taalontwikkeling**
	Vaardighede en kreatiwiteit word ontwikkel
	▪ Ons grootspiere kry oefening:
	▪ Musiek en beweging
	▪ Bewegingspele
12:15-12:30	**Handewas**
12:30-12:45	**Ons luister graag:**
	▪ Storie
12:45-13:00	**Opruimtyd**
13:00-14:00	**Etenstyd/Rustyd/Vertrek**
14:00-15:00	**Na-skool buitespel**
15:00-15:15	**Verversings en koeldrank**
15:15-17:15	**Buitespel, TV-kyk, blokkies en legkaart bou**

Personeel Struktuur



Kontakbesonderhede:

Tel / Faks: 011 975 3436 E-pos: graadr@impies.co.za

Moet asb. nie huiwer om ons te kontak indien u enige inligting verlang of probleme ondervind nie.

FINANSIëLE VERPLIGTINGE

- Skoolgelde word jaarliks deur die Beheerliggaam vasgestel en aan die ouers voorgelê tydens die jaarlikse begrotingsvergadering
- Die GR. R-sentrum tariewe is oor elf maande vooruit betaalbaar
- 'n Jaarlikse registrasiefooi (R200) is betaalbaar met inskrywing
- Skooltariewe sal op 10 September tydens die Gr. R-Opedag beskikbaar wees
- Fooie kan per internet betaal of direk in die skool se rekening inbetaal word. U word egter versoek om die strokie wel deur te faks vir rekord doeleindes

Bankbesonderhede:	Rek. naam	:	**Laerskool Impala**
	Bank	:	**ABSA**
	Tipe rekening	:	**Tjek**
	Rekening nr	:	**124 085 0440**
	Takkode	:	**630542**
	Verwysing	:	**Leerder se naam & van**

Benodighede vir Gr. R

Die Gr. R-pakket is beskikbaar en moet deur alle ouers aangekoop word. Items wat nie in die pakket kom nie, maar self deur ouers aangeskaf moet word is die volgende :

- 1 Springtou (Seuns)
- 1 Hoepel (Dogters)
- 2 x 200 Snesies
- 1 Groot pak lekkers (bv. Toffies/ Frutus)
- 2 Leesboekies
- Plastiek voorskoot
- Legkaart
- 1 Blik lugverfrisser
- 1 Groot bottel Savlon, 2 pakkies pleisters, 2 houers vloeibare handeseep
- 1 Bottel Handy Andy, 1 bottel skottelgoedseep , 1 pakkie multi- purpose lappies en 1 pak watte

SKOOLDRAG

Die Jakkertjies woon skool by
in netjiese gewone drag.

Op Vrydae moet hul, hul Stralejakker-hempie aantrek wat vroeg in Januarie 2012 te koop sal wees by die Stralejakker kantoor.

Baie belangrik!!!
Merk asseblief alle kledingstukke baie duidelik en sodoende kan ons u help om verlore klere terug te kry

SKOOL-URE
08:00 tot 13:00

Ons Naskoolsentrum

Die Gr-R naskoolsentrum funksioneer heeltemal apart van die Laerskool. Ons maats bly by die sentrum waar hulle veilig in hul omgewing na omgesien sal word.

Die naskool sal deur die vakansie ook beskikbaar wees. Daar sal elke vakansie 'n vakansieskool wees.

Naskool ure:	**13:00**	**Middagete**
	15:00	**Versnappering en Koeldrank**
	17:15	**Naskool sluit (winter)**
	17:30	**Naskool sluit (somer)**

Ons vra vriendelik dat ouers ons naskool-maats stiptelik sal kom afhaal. Elke Jakker wat afgehaal word vanaf 13:00, word uitgeteken deur sy/haar ouer of gemagtigde persoon om u kind se veiligheid te verseker.

AKTIWITEITE

Dit is vir ons baie belangrik dat die onderrigtyd optimaal benut word in ons Gr. R- klasse. Ons kan u verseker dat alle aspekte van u kind se ontwikkeling in ons kurrikulum sorgvuldig ingebou is, om u kind gereed te maak vir Gr.1.

Die volgende aktiwiteite is deel van ons kurrikulum:

- Balspeletjies, fisiese aktiwiteite ens.
- Bak en brou
- Bou en skep met klei
- Musiek en sang

Buitemuurse Bedrywighede:

Stralejakkers bied verskeie sport-akademies aan. Dit vind plaas in ons geskeduleerde speeltye wat deur professionele afrigtings-instansies teen 'n minimale maandelikse fooi beskikbaar is.

Die volgende bedrywighede word op ons terrein aangebied:

Sport	Kultuur
Rugby	
Gimnastiek	Kunswedstryd
Netbal	Voortrekkers
Pottebakkery	Musiek
Golf	Gr. R-koor
Kinderkinetika	Konsert
Brain Gym	

Ballet, swem en UCMAS word ook aangebied.
Hierdie leerlinge word deur die betrokke instansie afgehaal en weer veilig terugbesorg by die skool.

SKOOLBELEID TOV LEERLINGE SE NETHEID

Hare:

Dogters. Lang hare moet netjies vasgemaak word met rekkies.
Hou maar hul kuifies kort sodat hare nie onnodig in die ogies hang nie.

Seuns. Hare moet kort en netjies wees.

Algemeen:

Juwele: Beperk tot die minimum aangesien leerdertjies lekker daarmee speel en vroetel en aandag sodoende vinnig afgelei word.

Naels: Naels moet kort en skoon wees. Geen naellak word toegelaat nie.

Speelgoed: Geen speelgoed word skooltoe gebring nie, aangesien ons nie verantwoordelikheid daarvoor kan aanvaar nie.

Laatkommery en afwesighede:

Ouers, u kindjie is wel net in Gr. R, maar aangesien ons 'n kurrikulum volg en 'n geskeduleerde dagprogram, sal dit waardeer word as u reeds van nou af gesonde gewoontes kweek by u kleuter tov laatkom en afwesigheid. Gereëlde skoolbywoning is uiters belangrik vir u kind se vordering.

Tasse:

Net die blou tassie is toelaatbaar (ingesluit in die pakket)
Geen sakke, aangesien daar nie plek in die klassies is hiervoor nie.
Geen gekrap op tassies nie.
Tassie moet duidelik gemerk wees sodat leerdertjies hul tassie maklik kan uitken.

Inhoud van tassies:

Geen glas koeldrankbotteltjies nie.
Slegs plastiekbotteltjies wat stewig kan toedraai.
Kosblikkie wat stewig seël.
Plastiekhouer (kangaroo file) vir briefies

Klok:

Ons maak gebruik van 'n klokstelsel. Die klok lui om 08:00 en weer as speeltyd verby is. Leerders gaan tree aan in netjiese rytjies voor hul klassies, en wag vir hul juffrou om in netjiese, ordelike rye na hul klassies te gaan.

Verdaging na skool:

Geen leerder verlaat die klas nie. Ouers kom haal hul kinders by die verskillende klasse om 13:00.
Naskool leerders gaan saal toe om middagete te nuttig en daarna rus hulle tot 14:00.

Geen ouers word toegelaat om voor 13:00 by die klassies rond te staan of in 'n betrokke klas in te gaan om u kind te gaan afhaal nie, aangesien dit steurend is vir die onderwyeseres.

Verversings:

Kosblikkie tyd:
Ons vra vriendelik dat elke ouer 'n kosblikkie met gesonde kossies sal inpak skool toe. Elke maatjie moet asb. by die huis reeds ontbyt eet.

Snoepwinkel:

Op Woensdae en Vrydae kan maats geld saambring vir snoepie. Die aankoop van verversings maak die dae nie net spesiaal vir die leerders nie, maar leer hulle ook om met geld te werk.

Daar is 'n verskeidenheid van goedkoop lekkertjies, koeldranke, skyfies en speelgoedjies te koop. Pryse wissel vanaf R1,00 tot R5,00 en sal aangepas word namate prysverhogings.

OMSENDBRIEWE

Omsendbriewe:

Dit is ons as Stralejakkers se manier om met u as ouer te kommunikeer. Daar sal ook elke tweede Vrydag 'n "Impienuus" asook 'n "Jakkernuus" uitgestuur word met allerhande nuus aangaande die skool en ons Graad R-Sentrum.

Ouers word as vennote in die opvoedingsproses gesien en daarom word daar van ouers verwag om voortdurend betrokke te wees by alle aspekte van u kind se ontwikkeling.

Elke Gr. R-maatjie ontvang 'n briefie-leêr waarin elke week se doen en late in Gr.R, ingesit sal word.

Algemeen:

- Swak taal, bakleiery, lelike maniere en beskadiging of neem van ander se eiendom, word nie toegelaat nie, en sal in 'n ernstige lig beskou word.
- Bly lojaal teenoor ons sentrum, en wees vriendelik en behulpsaam teenoor die opvoeders, administratiewe personeel, maats en algemene assistente.
- Geen kougom word op die skoolterrein toegelaat nie.

Besoeke van ouers tydens skoolure:

- Indien u die onderwyseres wil spreek, moet 'n afspraak voor/na skoolure gereël word.

- Afsprake kan deur die kantoor/self met onderwyseres gereël word.

SKOOLREËLS

Skoolreëls word daar gestel vir die veiligheid van ons kleuters, om hulle opvoeding te bevorder en tot die welsyn van ons Gr. R-sentrum by te dra.

1. Skoolterrein

- Hou ons terrein skoon.
- Papiere word opgetel en in vullisdrom gegooi.
- Moenie brood en afvalkos rondstrooi nie.
- Moenie teen mure krap met voorwerpe nie.
- Daar word nie op stoepe gehardloop nie.
- Geen leerders mag naby palisades speel nie.
- Speel versigtig op klim-apparate ens.

2. Kleedkamers

- Toiletroetine word aangeleer en leerdertjies sal besoek aflê voor klastyd en weer na speeltyd.
- Geen kos word in kleedkamers toegelaat nie.
- Mag nie in kleedkamers speel nie.
- Moenie met toiletpapier mors nie.
- Spoel toilet na gebruik.
- Was handjies nadat jy in toilet was.
- Hang altyd handdoeke op na gebruik.
- Handdoeke mag nie op die vloer lê nie.
- Krane moet styf toegedraai word.
- Mag nie met water speel nie.

3. Motors

- Leerders mag nie by of tussen motors speel nie.
- Ouers laai kinders buite terrein af en stap saam met die leerder in terrein in.
- Ouers mag nie voor motorhek stop nie.

4. Hekke

- Hekke sal gedurende skoolure gesluit wees.
- Alle leerdertjies moet binne terrein wag vir hul ouers.
- Geen leerders mag by die hekke speel nie.

5. Saal

- Gedrag tydens saaloptredes is van uiterste belang.
- Beweeg stil en ordelik van en na die saal.
- Geen leerder mag sonder toestemming in die saal wees nie.
- Geen kos of koeldrank word in die saal ingebring nie.
- TV of DVD mag nie deur leerders hanteer word nie.
- Die saal moet te alle tye skoon en netjies agtergelaat word.

6. Administratiewe Blok

- Leerders word nie toegelaat in die kantoor , personeelkamer of kombuis nie, slegs onder toesig.
- Geen leerders sit op meubels in kantoor/personeelkamer nie.
- Leerders word alleenlik toegelaat as hul behandeling vir beserings moet kry, of deur onderwyseres gestuur is.

7. Speelgrond

- Geen tassies, kosblikke of koeldrankbottels word op die speelgrond toegelaat nie. Leerders eet voor speeltyd en bêre tassies weer in die klas.
- Geen tassies lê op stoepe rond nie.

TEN SLOTTE
Boodskap van Departementshoof

Hier by Gr. R streef ons daarna om u kind gereed te maak vir Graad 1. Ons wil nie hê dat u as ouer te veel bekommerd moet wees as u kindjie sekere dinge nie kan doen nie.

Onthou! Die belangrikste is u kind se selfbeeld. Dis belangrik vir ons almal om 'n positiewe beeld van onsself te hê, net so ook u kind. As hy/sy 'n positiewe beeld het voel hy/sy goed oor hom/haarself, voel dat hy/sy instaat is om dinge te doen, te waag en nuwe uitdagings aan te pak.
Laat u kind altyd goed voel oor wie en wat hy/sy is en wat hy/sy kan doen.
Elke kind het 'n veilige ruimte nodig, by die huis sowel as hier by die skool om dan ook so 'n positiewe selfbeeld te ontwikkel.

Om so 'n veilige ruimte vir u kind te skep en te verseker, voldoen in sy basiese behoeftes soos voedsel, kleding, veiligheid en die heel belangrikste is baie aandag en liefde.

Leer en ontdek teen 'n stadige pas saam met u kind. Moenie meer van hom/ haar verwag as wat nodig is nie. Neem sy/haar menswaardigheid in ag deur aanmoediging eerder as om u kindjie minderwaardig te laat voel. Gee u kind geborgenheid deur herhaling , en indien hy/sy geborgenheid en aanvaarding binne die gesin beleef, is u kindjie 100% bereid om ook buite gesinsverband sosiale verhoudinge aan te knoop, te ervaar en te aanvaar.

Hiermee doen ons as personeel van Stralejakkers 'n vriendelike tog ernstige beroep op u as ouers, om saam met ons te werk, eerder as teen ons. Al die sukses berus juis op u positiewe samewerking.
Sonder u hulp en ondersteuning kan daar nie ideale nagestreef word nie.

Dit is die skool se opregte strewe om met verantwoordelikheid u kind op te voed en sy/haar talente te ontdek en te ontwikkel.

Ons wil graag u kind voorberei vir al die uitdagings wat voorlê in sy/haar lewe en dat hy/sy met trots en selfvertroue die groot skool en alles wat daar op hul wag tegemoet sal gaan en instaat sal wees om aan te hou bou aan 'n karaktervolle nageslag.

Stralejakkergroete

Augusta Gouws
Departementshoof VKO

Haas-tig oppad



na Impieland !!!